Pyltjies innie sand

Gedigte deur: Francis Grobler
Toonsettings deur: Tony Ridgway
Liedjies gesing deur: Wynand Strydom
Beskrywing: Gedigte boek met ingeslote musiek-CD
Uitgewer: Griffel Media
Bemarking en verspreiding: Griffel Media
Promosies: Griffel Media
Verteenwoordigers: Owen Early & Xavier Nagel

ISBN: 978-0-620-37656-3

Inklusiewe verkoopsprys: R140.00

Spesifikasies:
- 14.5 mm x 15.5 mm landskap
- 127 pp
- Garestik
- Hardeband & kas-gebind.

griffelmedia

OMTRENT DIE BOEK & CD

Hierdie digbundel, wat 75 gedigte bevat deur die debutant, Francis Grobler, gee 'n sterk emosionele en nostalgiese blik op die Suid-Afrikaanse landskap. Daar is egter 'n wye verskeidenheid gedigte wat 'n groot spektrum onderwerpe dek. Uit die al gedigte is 16 uitgesonder, wat getoonset is deur Tony Ridgway, en opgeneem is deur die bekroonde sanger, Wynand Strydom. Die CD word by die bundel ingesluit.

Die bundel is vars. Anders. Nostalgies, universeel en Suid-Afrikaans. Dit raak aan teenoorgestelde pole en uiterstes, soms met 'n tikkie humor. Die titel en die bladontwerp is aanvullend tot die inhoud en ontlok onmiddellik 'n dieper soeke na die onderliggende boodskap. Dit dek 'n wye spektrum digvorme, vanaf swaar rooiwyn- en kaggelvuur-ballades, epies-liriese dramatiese digstukke, wat afgewissel word met ligte satires, met 'n goeie skakering tussen-in. 'n Fyn onvermoeiende balans. Elke denkbare emosie word in kunstige prosa - soms in ongebonde styl en beskrywende, verhalende letterkunde - met sorgvuldige woordkeuse in verstandstaal vasgepen en verwoord. Retoriese vrae rakende sosiale, religieuse en emosionele kwessies kom af en toe gesigwys op die voorgrond. Dikwels verruil die skrywer die werklikheid vir die vlerke van drome, en neem die leser onwillekeurig saam.

Sestien van hierdie gedigte is geniaal getoonset deur Tony Ridgway. Dit word gesing deur die bekende sanger, Wynand Strydom, wat met sy uitsonderlike stem die atmosfeer waarin die gedig geskryf is, perfek weergee en komplimenteer. Die CD is by die bundel ingesluit en word as 'n eenheid bemark. Voorwaar 'n onontbeerlike koffietafel-noodsaaklikheid.

Bestel:
Griffel Media: Faks: 0866 750 776
Bacchus Books, Owen Early: Tel/Faks: 011 839 0299
Xavier Nagel Agency, Xavier Nagel: Tel/Faks: 021 447 9131
Algemene navrae: 012 843 7717 / 082 942 9998 / 082 373 9988
www.griffel.co.za

Resensies

"Fenominaal" & "Beautiful" - Steve Hofmeyr

Resensie in Rapport tydskrif - deur Willie Strauss:
Die boek en CD is 'n hoogtepunt en sal liefhebbers van getoonsette Afrikaanse poësie sommer baie gelukkig maak. Jou naam hoef nie Gert gedig te wees om van die produksies te hou nie, want die liedjies val sag op die oor. Die toonsettings is eerlik sodat die poësie steeds die belangrikste is. Dis die perfekte CD om saam met 'n glas rooiwyn te geniet, as jy van diep Afrikaanse musiek hou.

RSG - Amore Bekker speel gereeld een van die snitte, Ikarus, op lug.